



## **Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 27**

Die NGB se fokus beweeg in die volgende paar artikels na die kerk toe. Die leer oor die kerk is belangrik juis omdat die kerk in die wêreld werk. Dit is opmerklik dat die Bybel geen onderskeid tref tussen gelowige wees en lidmaat van die plaaslike kerk wees nie. Dit was van meet af aan vir gelowige mense vanselfsprekend dat 'n persoon wat glo, sal aansluit by die gemeenskap wat dieselfde ewige waarheid teenoor 'n ongelowige wêreld verkondig en bely. Die Bybel aanvaar dat geloof mense daartoe bring om lidmaat van 'n kerk te wees. Die vergrype deur sommige kerke en kerkleiers het gemaak dat daar vandag 'n groter wordende skare is van mense wat hulself verstaan as Bybel-getroue gelowiges, maar nie aansluit by die kerk nie. Dit is mense wat nie hulle persoonlike geloof uit hulle harte in die wêreld laat inbeweeg nie, wat nie die verbintenis tussen persoonlike geloof en lidmaatskap van die kerk raaksien nie.

Al is die artikel van besondere belang vir ons vandag, moet ons nie ons eie konteks as raamwerk vir die eerste interpretasie van die saak maak nie. Die NGB het in 'n spesifieke historiese konteks ontstaan en ons moet dit in ag neem. Die Reformatoriese verstaan van kerk het na vore gekom in reaksie op die Roomse retoriek en die Anabaptiste se optredes. Die Reformatore se optrede het die Roomse kerk op verskillende vlakke bedreig. Rome het die skeurende effek van die Reformasie as 'n ondergraving

van die wese van die Roomse kerk interpreteer. Daar is reeds na leerstellige sake verwys. Die impak van die Reformasie op die kerk en die gesagsposisie van die Roomse kerk moet nie onderskat word nie. Roomse teologie het aan die kerk absolute mag op aarde gegee, so is die Pous gesien as Petrus se gesagvolle opvolger met sleutel-gesag op aarde. Rome het redeneer dat die Reformasie noodwendig sou lei tot anargie en die ondergraving van al die God-gegewe gemeenskapstrukture soos staat en gesin. Die gebeure in Munster het skynbaar hierdie vrees substansie gegee. Die Anabaptiste se anargie, poligamie en moorde in daardie stad het skokgolwe deur Europa gestuur. Die Anabaptiste koninkryk wat deur Johannes van Leyden geproklameer is, was 'n aftakeling van lewensvlakke en lewenstaat.

In die NGB word daar dan 'n unieke perspektief gestel wat aan die een kant afgrens teen die Roomse denke, en na die ander kant distansieer van Anabaptistiese denke. Rome se gelykstel van kerk en institusionele instelling moes op grond van die Skrif weêrlê word. Die Anabaptiste se aandrang dat die kerk deur lewende profete gelei word, moes eweneens verwerp word.

Teen hierdie agtergrond het die NGB in artikel 27 sekere sake duidelik gestel. Die fokus verskuif van die aard en plek van kerk in die heilsgeskiedenis, na Christus wat die kerk altyd bewaar, net om af te sluit met 'n omskrywing van die universele aard van die kerk.

### **DIE ALGEMENE CHRISTELIKE KERK**

**Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees. Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees, want Christus is 'n ewige Koning, wat nooit sonder onderdane kan wees nie. En hierdie heilige kerk word deur God teen die woede van die hele wêreld bewaar, alhoewel dit soms 'n tyd lank baie klein is en dit in die oë van die mense lyk asof dit tot niet gegaan het - soos die Here vir Hom gedurende die gevaarlike tyd onder Agab sewe duisend mense bewaar het wat nie voor Baäl gekniel het nie. Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig.**

### **DIE ALGEMENE CHRISTELIKE KERK**

Die opmerklige van hierdie artikel is dat die algemene Christelike kerk se wortels nie in die Nuwe Testament gevind word nie. Dit is in die Ou Testament, by die sluiting van die verbond (Genesis 22) dat ons moet begin soek om die fondasies van die kerk te sien. Die heilshistoriese lyn van "kerk" begin nie by Pinkster of die eerste Christelike gemeente nie, dit begin by God wat met Abraham en sy nasate (biologies en geestelik) 'n verbond sluit om hulle God te wees. Nasate impliseer

primêr 'n volk, 'n skare mense, nie individue nie. Die heilshistoriese lyn begin met die gesin (Adam en Eva), brei uit na die groep (patriarge), beweeg aan na die volk (Israel), net om tot volle heerlikheid te kom in die kerk as gemeenskap van gelowiges geroep uit alle volke en nasies. Die sluiting van die verbond is met ander woorde eerstens op die gemeenskap gemik. Jesaja 49:6 " *Hy het gesê: Dit is nie genoeg dat jy my dienaar is om die stamme van Jakob te herstel en om die Israëliete wat gered is, terug te bring nie; Ek maak jou 'n lig vir die nasies sodat die redding wat Ek bewerk, die uithoeke van die aarde sal bereik.*" Daar sou baie ander voorbeelde aangehaal kan word. Josua stel dat hy en sy gesin die Here sal dien. Ons moet besef dat die oordrewe klem op die enkeling 'n filosofiese konsep is wat deur die wêreld en die buse gebruik word om ons te isoleer. Ons is eers mens deur en by ander mense. Die oordrewe individualisme van die sogenaamde Post-Modernisme (in wese eintlik Marxistiese sosialisme) het ten doel om geïsoleerde mense te onderdruk en beheer. Teenoor hierdie vernietigende ideologie kom die Bybel se boodskap van 'n gemeenskap van hoop en lewe. Ons is almal stene in die tempel van God, ons is almal lede van die liggaam van Christus.

### **Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk,**

Wat is die aard van die kerk? God sien die ware kerk raak. God ken elke mens wat gered is, by die naam. Ons as mense kan nie God se perspektief opeis nie. Ons kan net in geloof bely. Die onderskeid tussen sigbare en onsigbare kerk is 'n mensgemaakte onderskeid om ons verleentheid te verbloem. Die sigbare

kerk is die strukture, mense en prosesse wat ons raaksien. Die onsigbare kerk kan ons nie sien nie, maar ons kan dit bely. Ons glo en bely dit wat ons nie kan sien nie. Dit is deel van die spanning wat ons moet raaksien. Die onsigbare kerk is tog sigbaar in die sigbare kerk sonder dat die grense ooreenstem. Daar is mense wat gedoop word, wat hulle lewe lank lidmaat is. Lidmaatskap sonder geloof en doop sonder geloof is nutteloos. So is daar gedoopte lidmate wat in ongeloof lewe en nie deel is van die kerk van die Here nie. Die Bybel oortuig ons van hierdie kerk. Hierdie kerk is enig, dit wil sê een, enkel. Daar is 'n verskeidenheid grense wat opgehef word in hierdie enkele konsep. Taal, kultuur, geografiese situasie, amp en geslag is enkele van die konsepte wat nie by hierdie belydenis ter sake is nie. Hierdie kerk strek oor die grense van tyd heen. Die lewende God het 'n lewende kerk wat dit onmoontlik maak om van kerk in die verlede tyd te praat. Alle gelowige mense van alle tye is by hierdie groep ingesluit, 'n groep wat "kerk" genoem word.

Hierdie kerk is katoliek - algemeen. Daar is 'n gelykheid in status wat raakgesien moet word. God sluit alle gelowiges in by hierdie kerk, ongeag denominasie.

### **'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo,**

Oor tyd heen is die gelowiges versamel tot 'n samekoms van gelowiges. Die vervlegtheid van sigbare kerk met die ware kerk maak dit onmoontlik vir ons as mense om te kan oordeel of onderskeid te tref. Kerk moet heilig wees, vir die Here afgesonder wees. Dit beteken aan die een kant dat die sigbare kerk daarna moet strewe om heilig te wees. Aan die ander

kant beteken dit dat selfs wanneer die menslike struktuur faal, God se ware kerk heilig bly. Elkeen wat geroep is tot ware geloof, strewe daarna om heilig te lewe. Teen die agtergrond van al die vorige artikels is dit egter duidelik dat dit nie deur menslike toedoen is dat die kerk heilig is nie. Dit is Christus wat ons heilig, Christus wat die kerk heilig, ongeag menslike pogings of mislukkings.

### **wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees.**

Geloof beteken om jou saligheid van Christus af te verwag. Gelowiges se volle saligheid lê opgesluit in die versoeningswerk van Jesus Christus. Dit is Sy bloed wat uitgestort is om ons almal te red. Hierdie bloed waarmee ons gewas word, is verwysing na die doop. By die doop sterf ons saam met Christus en staan ons saam met Hom op. Dit is lasterlik om Jesus bloed anders te verstaan as gestort vir ons saligheid. Die gebruik om Jesus se bloed af te bid oor eiendom, menslike veiligheid en selfs siekes, maak 'n bespotting van die dure prys wat ons Heiland betaal het. Hoe durf ons Jesus bloed afbid op 'n huis, 'n ding, 'n toestand!

Dit is nie deur eie toedoen dat ons saligheid verseker word nie. Dit is die Derde Persoon, die Gees van God, wat ons verseker van ons lidmaatskap van hierdie een kerk.

**Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees, want Christus is 'n ewige Koning, wat nooit sonder onderdane kan wees nie.**

Die ononderbroke bestaan van die kerk onder beskerming van die Here, is die tweede saak wat aangespreek word in hierdie artikel. Die heilsgeskiedenis begin by die sondeval. Van daardie oomblik af het God Sy genade uitgestort. Uit elke tyd en uit elke geslag is gelowiges by die ewige kerk van die Here gevoeg. God lewe en daarom lewe die kerk. God is ewig en daarom sal die kerk nooit leeg wees nie; juis omdat die kerk aan God verbind is, deur God in aansyn geroep is.

**En hierdie heilige kerk word deur God teen die woede van die hele wêreld bewaar, alhoewel dit soms 'n tyd lank baie klein is en dit in die oë van die mense lyk asof dit tot niet gegaan het**

God self is die Beskermheer van die heilige kerk. Hy beskerm altyd die kerk, selfs in die moeilike tye. Die wêreld en die bose haat die kerk. Die vervolging wat gelowiges deur die eeue heen ervaar het, dien tot getuigenis van hierdie woede.

Dit mag vir die menslike oog lyk asof die kerk soms klein is en selfs kan verdwyn. Die Goddelike waarheid is dat die kerk deur die Here self in stand gehou word. Nie een van die gemeentes wat in Openbaring genoem word, bestaan meer nie. Tog het die kerk nog altyd bestaan...

**- soos die Here vir Hom gedurende die gevaarlike tyd onder Agab sewe duisend mense bewaar het wat nie voor Baäl gekniel het nie.**

Die Reformatoriese verstaan van die aard en omvang van die heilige kerk kom na vore met hierdie voorbeeld. Die verwysing na I Konings 19:18 "*Maar Ek sal in Israel die sewe duisend laat oorbly wat nie die Baälbeeld aanbid het nie*" is aanduiding

daarvan dat die Reformatore alle gelowiges van alle tye ingesluit het in hulle verstaan van die Skrif. Reeds voor Christus was daar al mense wat geglo het, die heilsgeskiedenis het sy hoogtepunt in Christus, nie sy enigste punt in Christus nie. Ons weet nie wie almal glo nie, maar die Here weet. Hy het selfs tot die getal toe geweet van diegene wat tydens die aanslae van die wêreld getrou gebly het.

**Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar is oor die hele wêreld versprei en verstrooi.**

Teenoor die Roomse denke wat Rome die hoofstad van die kerk wil maak, word die hele wêreld aangedui as kerk. Teenoor die Roomse denke wat die pous as die hoof van die kerk wou voorhou, het die Reformatore die Here Jesus Christus as die ware Heer erken. Teenoor die Roomse dwaling wat kerk en geskiedenis van die Roomse instansie wou saamverstaan, het die Reformatore raakgesien dat die kerk veel groter is as Rooms. Reeds voor Rome, voor die Romeinse ryk, eintlik voor enige geopolitieke ryk, het die kerk bestaan.

**Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig.**

Die eenheid en krag van die kerk is nie in reëls, seremonies of geboue vasgemessel nie. Die hart en wil van die gelowiges maak die kerk een heilige kerk.